19 JANUARIE 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | STOP, LUISTER & VERTROU | DEUT. 6:4




## GEBED VIR DIE NUWE JAAR

HERE,
ONS DANK U VIR ALLES WAT U GEDOEN HET, EN ONS KYK MET HOOP NA DIE TOEKOMS.
ONS WÊRELD IS VOL GEBROKENHEID WAT NET U KAN HERSTEL, DAAROM BID ONS VIR GELEENTHEDE OM DIE HOOP WAT ONS IN U HET MET VRYMOEDIGHEID TE VERKONDIG.
ONS BID VIR GELOWIGES REGOOR DIE WÊRELD – DAT HULLE MET U EENSGESIND SAL WEES EN MEKAAR SAL LIEFHÊ EN ONDERSTEUN.
HELP ONS IN ALLES OM HIERDIE JAAR ONS HOOP OP U TE VESTIG.
GEE ONS KRAG OM TE VOLHARD, MOED OM U GOEIE NUUS TE DEEL, EN VREDE IN DIE WETE DAT U ALTYD BY ONS IS.
IN DIE NAAM VAN JESUS.
AMEN.

# WELKOM TERUG

Ons gebed is dat 2025 vir julle elkeen 'n besonderse jaar sal wees waar julle opnuut bewus is van die Here se teenwoordigheid, dat Hy elkeen sal lei deur Sy Gees en dat ons sal uitgaan en, in liefde, ons gemeenskap sal dien.

Dis ook vir Toringkerk 'n groot jaar - ons vier 150 jaar van gemeentewees. Hiervoor is ons ook baie dankbaar. Ons nooi jou uit om hierdie jaar saam met ons te vier met verskeie feesgeleenthede wat deur die jaar gaan plaasvind.





# REGISTRASIE SONDAG

Hierdie Sondag registreer ons die kinders vir Kinderkleingroepe, sowel as die KruisConnect en ons gee ook inligting deur vir hierdie jaar se Belydenisklas. Dit neem plaas na afloop van die diens in die kerk.

Ons hou 'n lekker informele gesinsdiens so kom en begin die jaar saam met ons, ons sien uit om mekaar weer te sien.

**BELYDENISKLAS** begin Dinsdagaand **4 Februarie** om **19:00-20:00** in die **onderste kerksaal.** Kontak vir Jana vir meer inligting.

# ONTMOET VIR STEFAN

Stefan is aangestel om ons te help met die kinderkleingroepe se koördinering, asook KruisConnect en die koshuisbediening (Tieners) op 'n Dinsdagaand. Hy skryf die volgende:

Ek is Stefan 'n student van Stellenbosch wat teologie studeer. Volgende jaar begin ek meesters in praktiese teologie. Ek het 'n groot liefde vir die see, berge en fietsry. Ek is iemand met baie energie en 'n groot ekstrovert. Ek sien uit om saam te reis met die jongmense van Toringkerk en om almal te leer ken.



# MATRIEKDIENS

Ons wil graag alle matrieks en hul ouers nooi na ons Matriekdiens volgende Sondagoggend, 26 Jan om 09:00.

Ons neem die geleentheid om vir 'n oomblik stil te staan en ook hierdie jaar aan die Here te wy en elke gesin ook op te dra aan die Here.






# BOEKGESPREK

Ons gaan 'n boek van Richard Forster, *Life with God*, saam lees in die eerste kwartaal en dit dan weekliks saam bespreek. Die gesprekke vind op Dinsdae plaas en daar is twee geleenthede om dit vir jou moontlik te maak om by te woon.

**Dinsdagoggende om 10:30.**
**Dinsdagaande om 18:30.**
**In die konsistorie.**
**Ons begin die 11de Februarie.**

Die boek help ons om na te dink oor hoe om die Bybel te leef en nie net te lees nie.

***Kontak vir Peet vir meer inligting.***

# MANNEGROEP: TAFELGESPREKKE

Die manne van die gemeente kom **elke Vrydagoggend** van **06:00-07:00** bymekaar in die konsistorie om saam te gesels oor geloof en lewe.

Die groep begin weer hierdie Vrydagoggend en alle mans is welkom. Bring sommer 'n pel saam.

***Kontak vir Peet vir meer inligting.***



# KUIER & KLETS

Die Kuier & Klets groepie kom Maandag, **20 Januarie** bymekaar om **09:30** in die **konsistorie** om die jaarprogram op te stel. Dis hier waar daar besluit word watse uitstappies elke maand gaan plaasvind. Dis ook 'n geleentheid vir mense wat nuut wil aansluit om al die ander lede te leer ken.

***Kontak asb vir Hannetjie (083 650 1860) vir meer inligting.***






# DIEP & VER

Ons pak weer ons eerste kospakkies vir die jaar op **Woensdag 29 Januarie om 17:30 in die onderste kerksaal.**

Dit sal wonderlik wees as jy kans sien om te kom help hiermee. Ons pak gewoonlik so 40 kospakkies wat dan deur ons vriende, Network for Christ versprei word. Dis vir ons regtig 'n groot seën om deel te kan wees van 'n groter netwerk van liefde, omgee en genade.

***Kontak vir Hannetjie (083 650 1860) vir meer inligting.***

# "SPRING CLEAN" JY VIR DIE NUWE JAAR?

As jy besig is om bietjie op te ruim en uit te gooi vir die nuwe jaar dan wil ons vir jou herinner om asb al jou huisitems wat jy nie meer wil hê nie maar wat nog in bruikbaar kondisie is, kerkkantoor toe te bring vir ons Wit Olifant tafel by Markietie. Speelgoed, ornamente, blompotte, skilderye... bring dit asb!



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Dagboek DIE DATUM



**19 JAN** WELKOM TERUG
Registrasie Sondag



**26 JAN** MATRIEKDIENS
09:00



**5 MRT** ASWOENSDAG
18:30



**20 MRT** TK HOEKSTEEN
150 Jaar

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.

**KOM TUIS. ONS IS SAAM OPREIS.**

Kantoor nr.: 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

19 Jan Ann Engelbrecht
19 Jan Rudi Van Tonder
19 Jan Elna Wessels
20 Jan Pieter De Villiers
20 Jan Ansie Terblanche
21 Jan Marli Blignaut
21 Jan Emile Booysen
21 Jan Mario Nell
21 Jan Christa van der Westhuizen
21 Jan Alicia Verwey
22 Jan Sonia Carse
22 Jan Leandri O'Callaghan
24 Jan Ruan Bester
24 Jan Philip Roux
25 Jan Elicke Brink
25 Jan Sébastian Louw
25 Jan Matthew Van Rooyen

# KINDERS & JEUG

### KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)

Kom registreer hierdie Sondag vir Kinderkleingroepe.  Ons doen dit na afloop van die diens in die kerk.

### KRUISCONNECT (GR. 7-10)

Kom registreer hierdie Sondag vir KruisConnect  vir die jaar na afloop van die diens in die kerk.

### TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk begin weer 4 Februarie in die kerk om 19:00.

# DEURKOLLEKTE

## DEURKOLLEKTE: DIEP & VER

Toringkerk vat hande met “Network For Christ” – ‘n plaaslike organisasie wat huishoudings bemagtig en bedien in uitdagende omstandighede. Network for Christ stap ‘n volhoubare pad met gesinne. Verskeie ondersteuningssisteme soos familie begleiding, vaderskap kursusse, mentorskap programme en kospakkies word gebied.

Tans is ons bevoorreg om reeds sedert Mei 2020 op ‘n maandelikse basis hierdie gesinne wat inskakel by Network for Christ te ondersteun met kospakkies. Ons kan slegs voorsiening maak van hierdie kospakkies met die hulp van die gemeente en breër Paarl gemeenskap se finansiële bydraes.

# KALENDERBORG JANUARIE

## DR. JANA EKSTEEN




# NEEM ASB KENNIS:

## DIE KERKKANTOOR IS TOE VAN 22-24 & 29-31 JANUARIE

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.